

Dinsdag 21 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 14	Fokusgedeelte: Openbaring 14:14-20
------------------------------	---------------------------------------

Waar gaan ek heen as ek sterf?

Op die voorafgaande troosgedeelte volg vers 14-20. Die einde het gekom! Daar moet twee oeste ingesamel word – die graanoes en die wynoes.

Die graanoes word ingesamel in die hemelse skure. Dis die genade dat die uitverkorenes in die hemel by God opgeneem word.

Daarna die wynoes – dis die oordeel van God. Die wynoes word in die parskuip gegooi en daar stukkend getrap, sodat die bloed van die mense wat vertrap word, vloei tot so hoog soos die tooms in die perde se bekke.

Die tweesoortige einde van die mense word hier aangedui: Die Here openbaar twee *skure* – elke oes het sy eie skuur! Elke skuur of bergplek is vir 'n ander groep skepsele. Die regverdiges word soos koring geoes en met versigtigheid in God se skuur weggepak. Die onregverdiges word onversigtig geoes en in die parskuip gegooi. Die parskuip is die skuur waar die ongelowiges vir ewig gebêre word. Dis die toorn en straf van God wat nooit verbygaan nie.

Sing: Skrifberyming 1-1:7

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)